

27 Augustus 2009  
Jaargang 2 – Uitgawe 29

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer  
en ontvang elke uitgawe  
gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met  
nuus en berigte aan die  
redaksie by  
[produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

## VOORBLAD

### Verkieping in die land waar die geweer regeer

**Die redaksie was met ds Oppies Opperman in verbinding en het die volgende saamgestel. Die laaste paragraaf is as redaksionele kommentaar bygewerk. Sterkte aan ds Opperman en sy bediening in Afganistan.**

Verlede week is 'n verkiesing in Afganistan gehou terwyl die Taliban geen moeite ontsien het om voornemende kiesers te intimideer nie. Vrees vier hoogty in die land waarin oorlog soos 'n goue draad deur 4 000 jaar se opgetekende geskiedenis loop. Vandag is dit steeds só – die geweer regeer!

Die wêreld sit steeds in spanning en wag op die uitslae, en hier in die strate het niks verander nie. Die kinders vlieg nog hulle vlieërs ten spyte van die bomme wat om hulle bars, die dogters gaan skool toe ten spyte daarvan dat die Taliban hulle aanval omdat dit ten sterkste afgekeur word. In die suide is daar steeds nie een vrou wat haar gesig in die openbaar ontbloot nie, want dit mag tot haar onmiddellike doodstraf lei. Die papaweroeste vir opium het weer biljoene dollars vir die *druglords* en miljoene vir die Taliban ingebring, terwyl meer as 50% van die bevolking van 40 miljoen met net \$2 per dag moet oorleef.

Ek is reeds 'n geruime tyd in Afganistan, en my bediening is grootliks 'n e-bediening met eredienste in die vorm van 'n huiskerk. Ek was verlede jaar altesaam 7½ weke by die huis. Hierdie jaar het ek darem die vooruitsig om 'n bietjie meer tyd by my gesin deur te bring. My fokus tans is om die Islam beter te verstaan met betrekking tot die impak wat dit op die Christendom het. Veral gesien in die lig van die feit dat die Islam tans betrokke is in meer as 50 konflikte wêreldwyd. Afganistan is 'n Moslemstaat. Dit beteken dat geen ander godsdiens toegelaat word om onder die landsburgers te werk nie. Dit is werklik 'n gogga-maak-vir-baba-bang-verhaal wat hom telkens ontvou – nie net teen Afgaanse burgers nie, maar ook teen Christene wat dit waag om die evangelie te bring en uit te leef.

Die een Afgaan wat 'n paar jaar gelede openlik bely het dat hy tot die Christendom bekeer het, se keel is in die openbaar in die straat afgesny. Verlede jaar (2008) is een van ons Kaboelidmate, Gayle Williams, koelbloedig in 'n straat in Kaboel doodgeskiet toe sy werk toe gestap het. Die Taliban, wat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het, het gesê dit is omdat sy die Christengeloof aan die Afgaanse mense verkondig het. Sy het dubbele burgerskap van Brittanje en Suid-Afrika gehad, en was werksaam by 'n groep wat mediese hulp hier verleen. In 2007 is 'n bus vol Koreaanse Christene deur die Taliban ontvoer. 'n Paar van hulle is vermoor voor die res vrygelaat is. Hulle was op pad suide toe om by 'n mediese hulpverleningsprojek te kom werk. Dieselfde rede is daar gegee as in die Williams-geval: Christene word verbied om die Lewende Woord aan die Afgaanse burgers te verkondig.

As 'n mens na die sendingtoneel wêreldwyd kyk, is daar in 1999 bevestig dat 97,6% sendelinge in die bereikte dele werk en slegs 2,4% in die onbereikte dele. Die tragiese moorde wat hierbo beskryf word, herinner ook aan die drie sendelinge wat in April 2007 in Turkye vermoor is. Martin de Lange, 'n Suid-Afrikaanse sendeling wat ten tye van die moorde tuis was, se kommentaar (*Beeld* 20 April 2007) hieroor is veelseggend: ...*die saad van die kerk lê in die bloed van die martelaar.*

**Ds ST (Oppies) Opperman – Kandahar, Afganistan**

*Kyk gerus die flik The Kite Runner (2007). Dit bied 'n insiggewende blik op die konflikgeteisterde Afganistan. (Redaksie)*



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

## Vakante standplaas

- Met ingang van 1 Oktober 2009 sal die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Pietermaritzburg** vakant wees. Hierdie gemeente het wye grense en sluit 'n groot plattelandse streek in, wat nog grootliks geestelik onbearbei is en goeie groeipotensiaal het. Die gemeente wil missionêr gerig wees, om sodoende te groei tot 'n volle standplaas, en is daarom op soek na 'n energieke en dinamiese leraar. Belangstellende predikante word genooi om 'n CV in te dien voor **25 September 2009**. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die Kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek in die gemeente verwag word. Kontak Jaco Behrens by [jbehrensm@mweb.co.za](mailto:jbehrensm@mweb.co.za) of 079 506 9058, of Jan du Plessis by [drjandup@xsinet.co.za](mailto:drjandup@xsinet.co.za) of 082 859 5251.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Prof Piet Venter** is tans baie siek. Die Kerk se voorbidding word vir hom gevra.
- **Mev Ria Naudé** en familie betuig graag hul dank aan almal wat tydens **ds Thys** se siekte en afsterwe meegevoel betuig en belangstelling getoon het. Dit word opreg waardeer.
- **Ds en mev Leslie Kern** het op Sondag 23 Augustus van hul gemeente, Delareyville, afskeid geneem. Ds Kern is op 20 April 2008 in die gemeente ontvang en bevestig. Hy word op Sondag 6 September in die Kuruman-kombinasie ontvang en in sy amp bevestig.
- **Ds Hannes Janse van Rensburg** van Gemeente Zuurfontein en 'n paar van sy lidmate besoek die **lidmate in Harare** oor die komende naweek. Hulle vertrek op Donderdag 27 Augustus en keer weer op Maandag 31 Augustus terug. Die gemeente het self die kosvoorrade bymekaar gemaak en dra ook die vervoerkoste as uitreikaksie na die lidmate in Zimbabwe. Ds Van Rensburg sal die eredienste lei en lidmate besoek.
- Verskeie gemeentes en predikante in die Kerk het die afgelope jare deel geword van die span wat die **bediening in Zimbabwe** behartig. Daar is groot dankbaarheid daarvoor. Daarsonder sou die werk nie moontlik gewees het nie. Sommige predikante doen twee keer per jaar besoek. Enige predikant wat graag in 2010 wil help, word versoek om **dr Fanie Pretorius** by die Sinodale Kerkkantoor **voor 4 September** te kontak, omdat die program vir 2010 se besoek nou gefinaliseer moet word. Die Bedieningskomitee bestaan uit di Collin Hertzog, Eksteen Botes, dr Frans Boshoff, mnr Kobus Viljoen en dr Fanie Pretorius.
- **Die volgende predikante verjaar van 28 Augustus tot 4 September**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 28 Augustus: Ds Gert (GC) van Staden
  - Saterdag 29 Augustus: Di Wynand Rademeyer en Jan van Immerzeel
  - Maandag 31 Augustus: Ds Koos Naudé
  - Dinsdag 1 September: Ds Tertius Hindley
  - Donderdag 3 September: Ds Marthinus van Staden
  - Vrydag 4 September: Prop Giel Malan
- **Die jaarlikse Predikantevergadering** vir predikante, emeriti en professore vind op **Woensdag 9 September** by Gemeente Swartkop plaas. Registrasie is van 08:30 tot 09:30. Die koste is R100 per persoon, wat 'n ete insluit. Dr Stephan Joubert, proff Theuns Dreyer, Yolanda Dreyer, Andries van Aarde en Johan Buitendag sal optree, en die tema is *Geestelike leier in 'n veranderde wêreld*. Verskonings en lief en leed moet skriftelik by ds Marius Bacon ingedien word, by [baconm@telkomsa.net](mailto:baconm@telkomsa.net) of Posbus 6316, Ansrere 1711.
- Gemeentes, kerkrade en bedienaars van die Woord word herinner aan die **twee deurkollekte** wat vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgesonder word. Vanjaar is dit die deurkollekte van **30 Augustus en 6 September**. Kontak dr Barry van Wyk, Fondssekretaris, by 014 717 4013, 082 828 5711 of [bvwm@vodamail.za](mailto:bvwm@vodamail.za) vir meer inligting. Bydraes kan ook direk in die volgende bankrekening gemaak word:  
Die Teologiese Opleidingsfonds  
ABSA Bosmanstraat  
Tjekrekening nr 404 863 2649  
Verrekeningskode 32-31-45-00

\*\*\*\*\*



## Versoeningsgesprek

Dr Johan Steenkamp het namens 'n aantal lidmate by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) beswaar gemaak oor sekere formuleringe in die verslag van die vorige Kommissie wat in die Agenda van die 68ste AKV opgeneem is. Die Kommissie het 'n gesprek tussen lede van die vorige Kommissie en die beswaardes gefasiliteer. Tydens die gesprek het die beswaardes gestel dat hulle deur sekere uitlatings geïnkrimineer is. Lede van die vorige Kommissie het aangetoon dat dit nie hulle bedoeling was om persone verdag te maak nie. Die beswaardes is egter van oortuiging dat hulle wel seergemaak is. In dokumentasie van die HCM Fourie Stigting en Koers in Leer- en Lewensklessies is daar egter ook voorbeelde van inkriminerende opmerkings teenoor die vorige Kommissie.

Die uitkoms van die indringende gesprek was dat albei partye bereid was om wedersyds verskoning aan te bied vir uitsprake en formuleringe wat oop was vir 'n interpretasie dat dit persone verdag gemaak het. Die saak word daarmee as afgehandel beskou.

Ek wil weer eens 'n beroep op alle ampsdraers en lidmate doen, dat elkeen wat deelneem aan die kerklike debat, dit op so 'n wyse doen dat dit die Kerk waardig is. Ons moet ons daarvan weerhou om ander persone met skerp formuleringe of insinuasies verdag te maak, of te probeer etiketteer.

**Prof Theuns Dreyer**

\*\*\*\*\*

- Die Maranatha Reformed Church of Christ (**MRCC**) se **11de Algemene Kerkvergadering** is geskeduleer vir **28 September tot 1 Oktober** by Mimosa-vakansieoord in Parys, Vrystaat. Die Moderamen van die Hervormde Kerk en die Raad vir Apostolaat is uitgenooi om groeteboodsappe oor te dra tydens die **amptelike opening** op **Dinsdag 29 September** van 09:00 af. Die opening sal waargeneem word deur die Moderator, ds Alfred Rivombo. Ds Joseph Motloba versoek dat Hervormde lidmate en predikante in die omgewing van Parys die Tumahole/Parys-gemeente van die MRCC moet kontak indien hulle op enige wyse behulpsaam kan wees. Skakel met ds Tiisetso Leema by 073 865 7639, ouderling Phutha by 073 269 6524, of ds Motloba by 012 322 8885 x262.
- **Gemeente Wesmoot** wil graag 'n bussie koop vir die vervoer van jongmense en bejaardes. Maak asseblief 'n donasie van R15 – SMS **WESMOOT** na 39055.
- **Gemeente Weskus** is reeds twee jaar lank besig met 'n nuwe, dinamiese **wykstelsel** wat ingebed is in die bedieningsplan. Dit kan op die webblad **www.nhkweskus.co.za** gevolg word. Hierdie nuwe plan is nie alleen ontwerp om ander wyses van offergawekollekte daar te stel nie, maar om 'n gemeente te bou waar geen lidmaat op die kantlyn sit en onbetrokke is nie. Dit het eienaarskap van die gemeente en gemeentebou in gedagte. Nog 'n voorstel: Indien u gemeente 'n webblad het, skep 'n skakel waarop mense direk kommentaar kan rig. Op Weskus se blad is so 'n skakel, *Sê jou sê*.
- **Gemeente Hartbeesfontein** vier vanjaar hul **50ste bestaansjaar**. 'n Volgepakte program word beplan wat strek van **Vrydag 28 tot Sondag 30 Augustus**. 'n Beroep word gedoen op alle oudlidmate om die feesvieringe by te woon. Skakel Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of stuur 'n e-pos aan **kolporteur.nhk@gmail.com** vir besonderhede.
- In samewerking met wêreldklas mesmaker Ras Venter, stel **Gemeente Springs-Oos** hul **feesreeks messe** bekend, om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**. Bestel nou om die gemeente te ondersteun, en 'n 10de van die aankoopprys gaan aan die gemeente se fonds om 'n ouetehuis te bou. Die messe kom in 'n kisse van inheemse hout; 'n handgemaakte beesleerskede is opsioneel beskikbaar teen R125 elk. Die pryse van die messe is soos volg:
  - Standaard knipmes R1 895
  - Luukse knipmes R4 500
  - Standaard jagmes R2 200
  - Luukse jagmes R4 200
  - Standaard voorsnystel R3 000
  - Luukse voorsnystel R6 500
 Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526.
- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar** oud. Verskeie geleenthede word beplan, onder meer 'n **optrede deur Gerhard Steyn** op Woensdag 9 September, 'n **touch rugby-toernooi** op Saterdag 12 September, en die **Feesnagmaal** op Sondag 13 September. Dr Daan van Wyk, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, sal by die geleentheid groete en gelukwense oordra. 'n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is ook beskikbaar. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.





**Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Verskeie geleenthede word beplan, insluitende 'n **Potjiekoskuier** op **Saterdag 29 Augustus**, en 'n **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**. Ds André Strauss vra dat enigeen met inligting, foto's of staaltjies hom moet kontak; hulle wil graag 'n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Vrydag 4 September** om 19:30 'n **koorfees saam met Pieter van den Berg** aan. Dit vind plaas in die gemeente se kerkgebou by Delyweg 100 (by Matroosberg), Waterkloofpark. Kom geniet hemelse koormusiek, magtige orkeswerke, kragtige orrelspel en samesang met die F# Koor, die Oos-Rand Filharmoniese Jeugorkes, orrel en doedelsak. Toegang is R50 per persoon, en kaartjies is by die deure beskikbaar en by Pieter van den Berg, 072 041 3954. Na die konsert word verversings in die saal bedien.
- **Gemeente Buffelspoort (voorheen Marikana)** wy op **Sondag 6 September** sy **nuwe kerkgebou** in. Die gebou is opgerig op 'n terrein langs die ou Rustenburg-Brits-pad, 1,2 kilometer oos van die ATKV-oord Buffelspoort. Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za** as u die geleentheid wil bywoon.
- **Gemeente Rooihuiskraal** bied op **Saterdag 12 September** van 09:00 af 'n **Lente-Damestee** aan met **Thinus van Staden** as die kunstenaar. **Chata Romano** gaan 'n werkwinkel aanbied oor kleur, styl en dameskleredrag. Kaartjies kos R100 per persoon. Kontak Janette van Rooyen by 083 369 9284 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 657 1281 vir meer inligting.
- Die **NHSV Meyerspark** bied op **Saterdag 12 September** om 09:30 'n **Lentetee** aan met die tema *Die hartklop van vrouwees – 'n musikale motiveringspraatjie deur Sonja Herholdt*. Dit vind plaas by die kerkgebou te Havelockstraat, Wilgerpark (net af van Simon Vermootenstraat). Die koste is R100 per persoon, wat verversings insluit. Kontak Gonda Viljoen by 012 803 2814 of Franie Kluyts by 012 803 7528. Die fondsinsameling is ten bate van Van Rensburg-tehuis vir Bejaardes.
- Die Ringsdiakensvergadering van **Noordelike Pretoria** en **Gemeente Wonderboom-Suid** bied op **Sondag 13 September** om 18:30 'n **erediens** aan waartydens **Transoranje-skool vir Doves se koor** sal optree. Die deurkollekte sal gaan aan die Transoranje Instituut vir Buitengewonde Onderwys (TOIBO). Vir meer inligting kan die volgende persone gekontak word: Ds David du Plessis by 082 333 7450, diaken Daleen Smith by 073 229 3814, of diaken Andries Pretorius by 082 490 5378.
- **Sondag 20 September** is **Bejaardesorgsondag**. 'n Spesiale liturgie word beplan vir dié dag. Meer inligting kan bekom word van dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 x226.
- **Gemeente Balfour** is op **26 September 50 jaar oud**. Hulle **vier fees** die naweek van **11 tot 13 September**. Vrydagaand tree Rina Hugo op, en die kaartjies kos R70 per persoon (ete ingesluit). Op Sondag 13 September is daar 'n Nagmaaldiens (ook met 'n ete).
- Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die **NHSV se Streekbyeenkomste** by te woon. Dit vind plaas **tot Saterdag 12 September**, en behandel onder meer die tema *'n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek*. Gedurende **2010** vier die NHSV haar **70ste bestaansjaar**. Besonderhede is beskikbaar van die NHSV hoofbestuur. Kontak mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**.

\*\*\*\*\*

## **Basaars en ander fondsinsamelings**

- **Gemeente Windhoek** se **Biltongfees** is 'n jaarlikse instelling, en vanjaar was dit weer 'n groot sukses. Daar is tydens die fees meer as 7 ton biltong verkoop. Stalletjies oral in Namibië en selfs een in Suid-Afrika het die verkope behartig. Verskeie kunstenaars het deur die dag opgetree en die aand is afgesluit met 'n konsert. Die gemeente het sy doelwit bereik met die fondse wat hulle wou insamel, en verskeie kerke en skole kon ook vir hulself fondse insamel. Een van die doelwitte is om uit te reik na instansies wat finansieel sukkel en ondersteuning nodig het. **Ds Drikus Engelbrecht**, 'n nie-fietsryer, het onderneem om met 'n fiets deur die woestyn te ry na Swakopmund indien die doelwitte bereik is. Dit is 'n afstand van ongeveer 376 km wat in twee dae afgelê moet word. Meer as die helfte van die pad is opdraande oor 'n pas met die naam Bosua. Hy het 'n ondersteuningsgroep gehad wat saamgery het. Verdere bydraes kan gemaak word aan die Bosuarit, by Bank Windhoek, Maerua, takkode 483 872, rekening nommer 102 741 4701. Alle fondse gaan vir die diens van barmhartigheid.
- Alle gemeentes word uitgenooi om aan gemeentes **Hartbeesfontein** en **Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetiese** deel te neem. 'n Pakket bestaan uit 50 boekies met 10 kaartjies elk @ R100 per kaartjie. Daar is dus die geleentheid om R50 000 in te samel met verkope. Die twee gemeentes vra net R5 000 vir 'n gemeente



se deelname. Sou u al die kaartjies verkoop, is R45 000 dus u gemeente se eie. **Ons hou die kommissie en u kry die profyt!** Die 1ste prys is 10 verse en 'n bul (of R40 000 kontant), die 2de prys is 10 ooie en 'n ram (of R10 000 kontant), en die 3de prys is een week vakansie by die Suidkus. Daar is ook ander kleiner pryse. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Predikante, skribas en kassiere word genooi om Jaco Labuschagne te kontak by 083 779 7954 of die kolporteur by [kolporteur.nhk@gmail.com](mailto:kolporteur.nhk@gmail.com) vir meer inligting of bestellings.

- Op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** hou **Gemeente Oos-Moot** 'n Suid-Afrikaanse **Wonderfeesbasaar** by Laerskool Voorpos. Vir slegs R30 is daar Vrydagaand om 18:30 **potjiekos** en om 20:00 'n **konsert** met kunstenaar Thinus van Staden. Vir meer besonderhede, skakel prof Bieks Beukes by 072 036 4960, Hannie Pretorius by 082 927 8264, of die gemeentelike kerkkantoor by 012 333 4918. *(Weens foutiewe inligting wat ontvang is, is verlede week aangekondig dat die basaar die naweek van 21 Augustus sou plaasvind.)*
- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.
- **Gemeente Theresapark** hou weer op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** hul jaarlikse **Outydse Basaar** op die kerkterrein te Springboklaan, Theresapark. Verrigtinge begin Vrydag om 16:00 en Saterdag om 07:00. Kontak 012 542 3568, 012 542 1321 of 083 391 3151 vir meer inligting.
- **Gemeente Ottosdal** hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** weer **Oesfees**. Vrydagaand is dit 'n gesellige saamkuier met die Visagie-broers van Lichtenburg as gaskunstenaars. Saterdag van 09:00 af sal daar pretfietsritte en 'n bestuursvernuftkompetisie wees. Daar sal ook 'n poppekas wees en 'n wetenskapvertoning deur Experi-Lab. Kontak Adri Botha by 082 403 5051.
- **Gemeente Mafeking** nooi alle belangstellendes, kuiergaste en sakelui van Mafikeng asook van hul buurdorpe (Zeerust, Lichtenburg, Stella en Vryburg) om hul 2009 **Oppieplaasbasaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein in Nelson Mandelarylaan te kom bywoon. Hulle gaan die Drienasiestoets tussen Suid-Afrika en Australië op 'n grootskerm op die basaarterrein vertoon. Benewens die normale basaaritems, sal kwaliteit plaaslik vervaardigde meubels uit kersiehout, geelhout, mahonie en kameeldoringhout tydens die veiling te koop wees. 'n Nguni-beesvel, twee oorspronklike skilderye deur Christiaan Niece, en 'n tokreengraaf (dit is 'n ou graaf wat volgens 'n bepaalde kunsvorm gevef en met blomme en ander items versier is; dit kan met die woord *Welkom* daarop gebruik word by 'n voordeur of binne die huis teen die muur) kom ook onder die hamer. Kontantpryse, restaurantetes, geskenkbewyse, 'n windbuks en vakansie-akkommodasie te Margate kan gewen word in 'n verskeidenheid kompetisies. Rig navrae aan Stephan en Junita J van Rensburg (083 702 1341 en 082 785 5973) en Magda Redelinghuys (082 825 1913).
- **Gemeente Primrose** hou **basaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Buite-uitstallers is welkom. Vir meer inligting, kontak Annatjie by 011 828 1649 of 083 360 2692.
- **Gemeente Sannieshof** hou op **Saterdag 29 Augustus** van 10:00 af **basaar** op die kerkterrein in Kerkstraat. Daar sal onder andere 'n veeveiling wees. Kontak dr Gert Volschenk by 083 228 9899 of die gemeentelike kantoor by 018 683 0426 vir meer inligting.
- **Gemeente Heilbron** hou op **Saterdag 29 Augustus** weer **basaar**. Dit vind plaas in die ou klipkerkie wat met sandsteen gebou is en volgende jaar 100 jaar oud is. Die gebruiklike eetgoed word aangebied, en daar sal ook 'n vleistafel wees met 'n verskeidenheid vleissnitte, hul alombekende boerewors en maalvleis. Kom en geniet die dag saam met die mense in die Riemland. Die verrigtinge word om 09:00 geopen. Vir verdere besonderhede en aanwysings, kontak ds Herman Gothan by 058 852 1174, 082 773 4740 of [hfg@risp.co.za](mailto:hfg@risp.co.za).
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** se jaarlikse **Jagkompetisie** bied u die volgende teen slegs R50 per kaartjie of R500 per boekie (10 kaartjies met 1 gratis by): 1ste prys 'n jag vir maksimum 4 jagters op die plaas Kiewu naby Alldays van 10 tot 13 September; dit sluit in 1 koedoekeoi of blouwildebees, 2 rooibokke en akkommodasie vir 8 persone, OF 'n gratis naweek vir 4 by Môreson-vakansieoord naby Messina. Die 2de prys is 2 rooibokke geskenk. Die **sluitingsdatum is 2 September**. Skakel Annatjie Sandrock by 015 295 5464 of 072 356 7189 en koop 'n kaartjie.
- **Gemeente Zuurfontein** se **Karnaval** begin om 15:00 op **Vrydag 4 September**. Sondag 6 September hou hulle 'n Lof- en Jubel-erediens om 09:00. Kontak die skriba, Eddie Huggett, by 079 895 6102, 011 975 4114 (kantoorure) of [eddiehuggett@live.co.za](mailto:eddiehuggett@live.co.za).



- **Gemeente Oos-Moot** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Vrydag 4 September** by die Dienstebaan. R250 x 4 se inskrywingsgeld word gevra, wat etes insluit. Vir meer besonderhede, skakel Susan van Heerden by 082 909 1710 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 333 4918.
- **Gemeente Hartebeestpoort** se **basaar** vind plaas op **Saterdag 5 September** van 09:00 af op die kerkterrein regoor die munisipale kantore in Brits. Kom koop vleis, maalvleis teen net R30 per kg, en kom proe hoe smaak die krokodil-roerbraai. Wildsbokke word opgeveil en daar is vakansie-akkommodasie te wen. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 252 4315, Daan by 082 807 4225, of [daanvanheerden@telkomsa.net](mailto:daanvanheerden@telkomsa.net).
- **Gemeente Naboomspruit** hou op **Saterdag 5 September** om 18:00 'n **Osbraai** op die kerkterrein. Die koste is R50 per volwassene en R20 vir kinders onder 12 jaar. Bring u eie eetgerei en drinkgoed saam. Kontak Lena Kruger by 082 468 0814 of 014 743 1325 vir meer inligting.
- **Gemeente Bothaville** hou op **Saterdag 5 September** hul jaarlikse **basaar**. Die tema is 20/Twintig Wêreldkrieket. Vanjaar kry hulle 20 of meer spanne vanuit die dorp en omgewing om deel te neem aan boeresport/waterkaskenades/sports. Vir meer inligting, kontak Douthie Vermaak by 056 515 673 of [douthie@vodamail.co.za](mailto:douthie@vodamail.co.za), of ds Attie Hattingh by 056 515 2420 of [ajh@nhk.co.za](mailto:ajh@nhk.co.za).
- **Gemeente Magaliesburg** bied op **Saterdag 5 September** die **Magalies Biltongfees** aan. Wen slagbeeste, 'n slagskaap en 'n slagvark teen R50 per inskrywing. Gaskunstenaars is Andriette en Lianie May, en 'n Mej Biltongfees sal gekroon word in 4 ouderdomsgroepe. Rig navrae oor Mej Biltongfees aan Sunja by 084 923 0867, oor die kompetisie aan Jenny by 082 491 2625, en oor die fees self aan Anita by 083 455 9525 of Rita by 083 733 9595. Besoek ook [www.baiebiltong.co.za](http://www.baiebiltong.co.za).
- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of [ptaos@nhk.co.za](mailto:ptaos@nhk.co.za).
- **Gemeente Zoutpansberg** bied op **Donderdag 10 September** om 18:30 op die Louis Trichardt-skougronde 'n **konsert** aan met Kurt Darren as kunstenaar. Kaartjies is R100 per volwassene en hoërskoolleerling, R60 vir laerskoolkinders, en gratis vir voorskoolse kinders. Kontak ds Piet van der Merwe by 015 516 1229, 082 678 3537 of 082 226 9602.
- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.
- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** by Akasia Gholfklub aan. Kontak Stephen by 083 781 2955 of Sanrie by 083 226 1866.
- **Gemeente Midrand** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** aan by die Leeuwkop Buiteklub in Midrand. Dit sluit halfweghuis, dinee en vele pryse in. Kontak Nelia van Huyssteen by 082 558 9629 of [johanvh@global.co.za](mailto:johanvh@global.co.za) vir meer inligting.
- **Gemeente Hartebeeshoek** bied op **Saterdag 19 September** om 19:00 'n **opelugkonsert met Lianie May** aan by Laerskool Theresapark. Bring asseblief stoele saam. Daar sal etes te koop wees. Kaartjies kos R60 per volwassene en hoërskoolleerlinge, en R30 vir 'n laerskoolkind. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 083 260 0983.
- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholffkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.
- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees. Dit is net 100 km van Johannesburg af. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.
- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholffuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.





- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.
- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou 'n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!
- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg 'n Kersmark**. Daar sal baie mooi Kersgeskenke wees, teen bekostigbare pryse. Kom geniet die dag saam met die Waterbergers. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.
- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Die 1ste prys is 'n motorboot van R160 000; die 2de, 3de en 4de prys is naweke by die oord; die 5de prys is 'n kajak van R6 000; en daar is verskeie kleiner pryse te wen. Inskrywings kos R250 per hengelaar. Daar is ook die geleentheid om 'n geslagte en verpakte beestollie te wen deur 'n lootjie van R50 te koop. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

## ANDER NUUS

- Gemeentes moet asseblief daarop let dat die **Sinodale Kerkkantoor** op **Vrydag 4 September** gesluit sal wees. Dit is **Loslitdag**, en die personeel gaan gesellig saamkuier by Gemeente Wapadrant.
- Op **Saterdag 5 September** om 19:00 in Carnival City se Big Top Arena vind die **Afrikaanse Musiekfees** vir die agtste jaar plaas. Al die vorige musiekfeeste was uitverkoop. Met meer as 17 kunstenaars op een verhoog, is dit een van die grootste musiekfeeste in die land. Met David Fourie, Gerhard Steyn, Gert van Tonder, Helene Bester, Manuel Escorcio, Elzante, Robbie Klay, Pieter Smith, Mathys Roets, Rina Hugo, MD Greyling, Shimmer, Stander, Romanz en Saarkie. Die goeie nuus is dat **to care** 'n beperkte aantal kaartjies het teen R30 afslag per kaartjie! **Betaal slegs R120 vir 'n R150 sitplek!** Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of [linda@tocare.co.za](mailto:linda@tocare.co.za) om jou kaartjies te bespreek. Moet dit nie misloop nie!
- Die **to care foundation** bied weer heerlike **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdag 10 en 17 Oktober**. Hierdie nuwe datums is beskikbaar gestel deur die Placécol Instituut in Centurion vir ons fondsinsameling. **Vir slegs R150** ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of [linda@tocare.co.za](mailto:linda@tocare.co.za) om jou plek te bespreek.
- Kom toer saam met *Konteks*. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van dr Hennie van Deventer na die **Natalse Middellande**. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie), en verblyf, vervoer met luukse toerbus vanaf Pretoria, etes en toegangsgelde is ingesluit. Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.
- Die **2010-pryse van die publikasies** is nou bekend. Gemeentes word versoek om hul bestellings **teen die einde van Oktober 2009** aan mev Susann van Zyl van SENTIK deur te gee, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 8885 7906, of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za).

Die Hervormer: R80 (vir 11 uitgawes)  
 Konteks: R120 (vir 10 uitgawes)  
 Almanak en Bybelse Dagboek: R100

\*\*\*\*\*

## Onthou Nasionale Boomplantweek 1 tot 7 September

Talle lande erken die waarde om die jeug op te voed om die omgewing so "groen" moontlik te hou. Daarom het baie lande 'n boomplantdag een maal per jaar – 'n dag waarop bome geplant word en die belangrike rol wat bome in die lewensiklus speel, beklemtoon word. In Suid-Afrika word dit oor 'n hele week versprei.

Dit is 'n wonderlike geleentheid om 'n konkrete bydrae tot 'n groener en skoner omgewing te maak. Help om die plaaslike park in jou omgewing skoon te maak, roei al die indringers in jou eie tuin uit, en maak plek om in 'n pragtige



immergroen geelhout- of olienhoutboom of kiepersol te belê. Mense wat blomdraende boomspeesies verkies, kan die wonderskone huilboerboon (halfbladwisselend met rooi blomme) of die vanwykshout (bladwisselend met pers blomme) oorweeg. Beide kan matige ryp en lang droogtetye weerstaan en het 'n vinnige groeitempo.

**Louise Geysler**

(Lees ook Louise se artikel oor inheemse bome in die September 2009-uitgawe van Konteks.)

\*\*\*\*\*

## Belangrike vergaderings

Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- Vrydag 28 Augustus: Raad van Finansies se kwartaalvergadering
- Donderdag 3 September: Bestuursvergadering van Ons Tuis

## KOMMENTAAR

“Twee vrae: Wat is die webbladadres van **Gemeente Weskus**? My kinders is in Australië en 'n mens soek maar kerklike kontak, so die preke klink goed. Wat is die besonderhede van ds **Mariaan van der Berg**, deeltydse predikant van Sionspoort, wat eersdaags na die buiteland vertrek nadat haar eggenoot 'n betrekking in Australië aanvaar het? Die meeste Suid-Afrikaners is in Sydney en Perth. Sy gaan nie dalk in die Melbourne-omgewing wees nie? Daar sukkel dit maar met Afrikaans en kerk.”

**Grace Grobler**

Dankie vir die navraag, Grace. Gemeente Weskus se webblad is by [www.nhkweskus.co.za](http://www.nhkweskus.co.za). Ds Mariëtte (nie Mariaan soos die kerknuus foutiewelik berig het nie) van der Berg se huidige e-posadres is [mariette@psychpractice.co.za](mailto:mariette@psychpractice.co.za). (Redaksie)

## AGTERBLAD

### Lees in *Konteks* van September 2009:

- Geloofsgesin in die buiteland (Dr André Groenewald)
- Dr Elsabé Kloppers in gesprek met ds Daniël F Erasmus
- Sanrie en Stephen de Beer in gesprek met Wynie Strydom

### Lees in *Die Hervormer* van September 2009:

- Skrifbeskouing – ons moet die kloof oorbrug (Dr Gert Malan)
- Pasop vir 'n kloof tussen teologiese opleiding en gemeentes (Dr Gerhard Lindeque)
- Briewe oor evolusie en ander temas